

KOERSVAS

Jaargang 6 Uitgawe 142 10 Augustus 2018

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



REDAKSIONEEL

“Nie van ons dam se ganse nie”

“Nie van ons dam se ganse nie”, is ‘n bekende Afrikaanse idioom. Die idioom word gewoonlik gebruik om aan te dui dat ‘n persoon nie hoort by ‘n sekere groep nie. Daar kan ‘n magdom redes wees waarom ‘n persoon of ‘n groep nie hoort by ‘n ander persoon of groep nie. In ons samelewing vandag word daar gepoog om ‘n gemene deler te vind om persone of groepe bymekaar te plaas. Die vraag is of daar so ‘n gemene deler bestaan? Onmiddellik sal die “liefde” voorgehou word as **die** gemene deler. Maar is dit so eenvoudig? Die Bybel leer ons dat daar verskille is wat onoorbrugbaar is. So is daar byvoorbeeld die onoorbrugbare teenstelling tussen geloof en ongeloof.

Hierdie problematiek kom van tyd tot tyd ter sprake in die beoordeling van die verhouding tussen die Bond van Hervormde Gemeentes en ons ou Moederkerk. Daar

word van tyd tot tyd die volgende argumente gestel: Waarom baklei julle so? Julle het geloop as gevolg van politiek, gelowiges baklei nie so nie, dit is oor persoonlike en oppervlakkige sake dat daar nou twee weë is. Was dit tog maar net so eenvoudig. Die fout wat gemaak word, is om te redeneer vanuit **B**eskrywingspunt 54 en die besluit wat geneem is, die Vrydag tydens die 2010 Algemene Kerkvergadering. Die probleem het ‘n lang aanloop gehad wat oor baie jare gestrek het. Die lont in die kruitvat was egter nie die besluit rondom **B**eskrywingspunt 54 nie. Nee, dit was die gebrek aan ‘n besluit/standpunt die Maandag. Dit was met die 2010 vergadering baie duidelik dat daar reeds ‘n vurk in die pad was ten opsigte van teologiese denke. Dit opsigself het gesprekke binne die kerk uiters moeilik gemaak en het eintlik geen sin gehad nie. Drr. Botma en Otto het ‘n mosie ter tafel gebring wat ‘n gemene deler daar sou stel vir verdere gesprek. Die gemene deler was die **T**waalf **A**rtikels, die belydenis wat oor eeue

elke Sondag in die erediens voorgehou is. Met ander woorde verdere gesprekke en verskille sou hanteer word aan die hand van die basiese geloofsbelydenis. Die vergadering kon nie hierdie voorstel aanvaar nie. Die debat wat sou voortvloei, was in 'n sekere sin skokkend. Dit was duidelik dat die vurk in die pad reeds agter ons was. Die besluit Vrydag, was slegs 'n simptoom van die teologiese verandering wat reeds plaasgevind het en die Maandag bevestig is. Kortom het die vergadering die volgende besluit: "*Jy mag glo soos jy wil, maar politiek is daar net een aanvaarde opsie*". Dit kon tog eenvoudig nie. Deur die oudste kerklike belydenis in 'n sekere sin af te wys, het ons moederkerk iets anders geword.

Die hantering van die saak en die verdere neem van besluite, het dit duidelik gemaak dat ons nie meer ganse van dieselfde dam is nie. Dit gaan oor die diepste wese van ons verstaan van kerkwees, ons belydenis. Die Staat van Belydenis wys dit ook duidelik uit. Die Heer se dam se ganse moet hulle altyd besig hou met die geloof, soos gevind in die Skrif as die "*Norma normans*" en die Belydenisskrifte die "*norma normata*" Kan die verskille oorbrug word deur die liefde soos die konsep in die Bybel gebruik word? Hierdie Bybelse liefde oorwin die vrees vir die dood, die liefde wat God vir ons het. Verder moet die liefde vir God baie sterker wees as die liefde vir die wêreld en sy

mense. Met die lees van die Bybel is dit duidelik dat God se volk in die Ou Testament en God se kerk in die Nuwe Testament Sydam se ganse was, en nooit kon deel kry aan ander damme se ganse nie. Waar dit probeer is, was die gevolge katastrofies. Daarom sal die ware kerk altyd besig wees met die saak van God en nie die saak van die wêreld nie. Binne die Bond sal ons ook altyd nugter en waaksaam moet wees teen die aanslag van ander ganse. Dit mag ons nie oorval nie. Sekondêre sake en wêreldse belang mag nooit ons roeping wees nie. Ons moet staan by die belydenis dat Christus die Heer is. Mag dit ook ons gedagtes, gesprekke en besluite binne die Geloofsbond bepaal. Diegene wat uit moedswilligheid, eie gewin of oningeligtheid die Geloofsbond probeer afmaak en skade probeer berokken, is beslis nie van ons dam se ganse nie.

Hierdie Redaksioneel is deur Rudi Schoeman hanteer.

BERIGTE EN KENNISGEWINGS

BONDSVERGADERING

Die jaarlikse Bondsvergadering vind hierdie jaar te Pietersburg plaas van 2-4 September 2018. Die Agenda is reeds aan die gemeentes aangestuur. Afgevaardigdes moet seker maak dat hulle die Agenda by die gemeente se saakgelastigde ontvang en

dan deurwerk. Daar is verskeie sake van groot belang en weldeurdagte besluite moet geneem word.

UITNODIGING NA BONDS DAMES- BYEENKOMS, PIETERSBURG 2018

U word hartlik uitgenooi na die volgende Bondsdamesbyeenkoms wat DV plaasvind te gemeente Pietersburg op 3 September 2018. Hier gaan ons deel wat in ons gemeentes en in ons lewens gebeur en gaan ons mekaar kan hoor en ondersteun. Ons sien uit daarna om elke gemeente se dames hier verteenwoordig te hê. **Skakel gerus met Corina by 081 353 9062.**

GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook weekliks nuwe preke op **whatsapp** beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

LEWENS BROOD 2019-2020

Daar is ywerig geskryf aan die dagstukkies vir die Lewensbrood 2019-2020. Intussen ontvang die Redaksie gereeld boodskappe

waarin dank en waardering oorgedra word ten opsigte van die dagstukkies in die 2018-2019 uitgawe. Ons dank aan al die toegewyde predikante wat tyd ingeruim het om te skryf.

Die prys is vir etlike jare nie aangepas nie. Ongelukkig het drukkoste so verhoog dat ons nie anders kan as om die prys aan te pas nie. Die veronderstelling is dat ons weer 1400 bestellings gaan kry. Gemeentes word aangemoedig om so wyd moontlik bestellings te werf. Ons versoek u ook vriendelik om kontant by bestelling te handhaaf. **Prys R120**

OORNAG FASILITEITE Villa Stoney B+B

Oornag in die rustigheid van die Bosveld ! Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek - naby hospitaal en besighede- Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers. Etes en wasgoed op afspraak. Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by **Villa Stoney**. Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 auri@mweb.co.za.

DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com


STEEDSHERVORMDE WYK TUINROETE




NAGMAAL

12 Aug 11:00 Kerkgebou APK
Mosselbaai

Vir navrae oor die selfstandige
gemeentes en die Geloofsbond van
Hervormde Gemeentes
kontak ds Lewis Strauss
076 061 0129
ljstrauss@lantic.net



MO205840_LC1



R250

Die Memorandum van die Volksraad bevat 'n bondige uiteensetting van ons volksgeskiedenis vanaf 1652 tot en met 2016; o.a.:

- Die wettige wyses waarop ons grond verkry is
- Kaarte van 13 voormalige Boere-Republieke
- Die feite rakende Britse onderdrukking
- Uitgawes op Swartes en verdere statistiek tydens Apartheid
- Die feite en statistiek rakende ons onderdrukking onder die ANC

Bestel vandag jou kopie by Chantal: tel. 079 740 7214 of chantal.kruger@vvk.co.za

Reformatoriese Konferensies

2018

18 Aug

- GK Vryburg
- 10:00-13:00

20 Aug

- VGK Pretoria
- 19:00-22:00

21 Aug

- GK Bellville
- 19:00-22:00

Tema: Dordrecht - 400 jaar

- * Skrif
- * Belydenis
- * Kerkerde

Vir meer besonderhede, kontak:

Dr. Gerard Meijer
012 332 1196 /
gerardmeijer@gmail.com

